Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

GASVRYHEIDSTUDIES

GRAAD 12

HERSIENINGSVRAE

KWARTAAL 3

ONDERWERP: SEKTORE EN LOOPBANE

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen-vraestelle verkry.

.

Hierdie dokument bestaan uit 6 bladsye.

VRAAG 5

NSC NOVEMBER 2016

5.1 Bestudeer die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Suid-Afrika het geen tekort aan innoverende entrepreneurs wat tot plaaslike ekonomiese groei bydra nie. Hierdie entrepreneurs het uitgebreide kennis van die opstel van 'n besigheidsplan.

5.1.1 Bespreek die stelling hierbo ten opsigte van die bydrae wat entrepreneurs tot die Suid-Afrikaanse ekonomie maak. (4)

5.1.2 Stel DRIE geleenthede vir selfindiensneming in die voedsel-bereidingsektor in Suid-Afrika voor. (3)

5.1.3 Beskryf in breë trekke VIER aspekte wat by die bedryfsplan ingesluit moet word wat jong entrepreneurs sal help om hul besigheidsplanne te voltooi. (4)

5.1.4 Behalwe die bedryfsplan, noem TWEE aspekte wat by 'n besigheidsplan ingesluit moet word. (2)

5.2 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

5.2.1 Identifiseer DRIE inkomstegenererende areas in die advertensie hierbo. (3)

5.2.2 Noem TWEE menslikehulpbronposte wat by hierdie oord gevind kan word. (2)

5.2.3 Evalueer die effektiwiteit van die advertensie hierbo krities met betrekking tot die bemarkingsmengsel. (6)

5.2.4 Stel TWEE oudio-visuele bemarkingsinstrumente voor wat gebruik kan word om die bemarking van die oord hierbo uit te brei. (2)

5.2.5 Verduidelik die onderlinge verband tussen die menslikehulpbron-afdeling en die sekerheidsafdeling. (4)

VRAAG 5

FEB-MAART 2018

5.1 Bestudeer die plakkaat hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

5.1.1 Noem DRIE ander visuele bemarkingsinstrumente wat gebruik kan word om die produk hierbo te bemark. (3)

5.1.2 Voorspel die teikenmark wat die produk hierbo sal lok. Motiveer jou antwoord. (2)

5.1.3 Verduidelik hoe die verkoop van die produk hierbo tot die Suid-Afrikaanse ekonomie sal bydra. (4)

5.1.4 Evalueer die plakkaat hierbo. (5)

5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> 'n Jong entrepreneur het onlangs 'n tienslaapkamer-gastehuis in die plaaslike gemeenskap oopgemaak. Hy het jou as die rekenmeester by sy nuwe besigheid aangestel.

5.2.1 Beveel DRIE inkomste-genererende areas aan, behalwe die slaapkamers, wat die gastehuis kan help om inkomste te genereer. (2)

5.2.2 Stel VIER verantwoordelikhede van 'n rekenmeester in die gastehuis hierbo voor. (4)

5.2.3 Noem VIER eienskappe wat die jong entrepreneur moet hê. (4)

5.2.4 'n Besigheidsplan is belangrik wanneer 'n besigheid begin word. Noem VYF aspekte wat die jong entrepreneur by sy besigheidsbeskrywing moet insluit. (5)

VRAAG 5

FEB-MAART 2018

5.1 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Springbok Wildlodge

Luukse akkommodasie op 'n wildsplaas halfpad tussen Cathcart en Queenstown, in die hartjie van die Oos-Kaap.

Die allesinsluitende pakkette sluit in: akkommodasie, drie gesonde maaltye, 'n daaglikse wildsrit met vingerhappies en die gebruik van fasiliteite soos die tennisbaan en sauna.

2 vir 1: Betaal die enkel midweekfooi van R600 en jou vriend/metgesel bly gratis as hy/sy met jou deel.

Besoek www.springboklodgesa.co.za

5.1.1 Noem DRIE aspekte wat die teikenmark vir die Springbok Wildlodge sal bepaal. (3)

5.1.2 Bepaal of promosie as 'n bemarkingstrategie gebruik is en gee 'n rede vir die antwoord. (2)

5.1.3 Noem EEN nadeel daarvan om promosie as deel van jou bemarkingsresep te gebruik. (1)

5.1.4 Beskryf TWEE vereistes van die verpakking van die vingerhappies. (2)

5.1.5 Identifiseer VIER aspekte wat die Springbok Wildlodge by hulle sakebeskrywing moes ingesluit het. (4)

5.1.6 Verduidelik hoe die Springbok Wildlodge tot werkskepping kan bydra en gee TWEE voorbeelde (4)

5.2

5.2.1 Klassifiseer die terme hieronder in inkomste- en nie-inkomste-genererende areas in die gasvryheidsbedryf.

finansies; kroeë; veiligheid; voedsel en drank; instandhouding; gastekamers

Tabuleer jou antwoord soos volg:

INKOMSTE-GENERERENDE AREAS	NIE-INKOMSTE-GENERERENDE AREAS

(6)

5.2.2 Verduidelik die onderlinge verband tussen verkope en bemarking en die finansiële departement. (2)

5.2.3 Identifiseer DRIE pligte van die veiligheidspersoneel. (3)

5.2.4 Noem DRIE entrepreneursgeleenthede wat in die dranksektor kan voorkom. (3)

VRAAG 5
NOVEMBER 2017

5.1 Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Mayfair Hotel
Privaateienaar: K Naidoo

Trots Suid-Afrikaans, dra by tot die BBP, voldoen ten volle aan SEB-vereistes en streef na uitstekende dienslewering

Smitstraat 28
Middestad
Kaapstad
8000

e-pos: mayfair@xnet.com
www.mayfairhotel.co.za

Tel: 021 488 2888

36 lugverkoelde kamers
Alle kamers en suite
Konferensiegeriewe
Restaurant en kroeg
Pragtige uitsig
Swembad
Salon en spa
24-uur-ontvangs
Straatparkering
Gratis DStv en Wi-Fi

5.1.1 Noem die aanvullende posisie in die hotel wat vir ELK van die volgende verantwoordelik is:
(a) Parkering (1)
(b) Opgradering van webtuiste (1)
(c) Balansering en voorbereiding van gaste se rekeninge vir die volgende oggend se uitteken (1)

5.1.2 Noem EEN gebied wat NIE in die advertensie genoem word NIE, wat beide inkomste- en nie-inkomstegenererend in hierdie hotel kan wees. Motiveer die antwoord. (3)

5.1.3 Identifiseer TWEE nie-inkomstegenererende geriewe in hierdie hotel. (2)

5.2 Beantwoord die volgende vrae oor BBP.

5.2.1 Waarvoor staan die afkorting *BBP*? (1)

5.2.2 Verduidelik hoe die hotel in die advertensie hierbo tot die BBP van die Suid-Afrikaanse ekonomie bydra. (2)

5.3 Identifiseer die inligting in die advertensie wat in 'n besigheidsplan onder die volgende opskrif sal verskyn: (4)

5.4 Evalueer die geskrewe inligting in die advertensie. (4)

5.5 Beantwoord die volgende vrae oor bemarking.

5.5.1 Identifiseer 'n elektroniese bemarkingsinstrument wat die Mayfair-hotel gebruik. (1)

5.5.2 Bespreek TWEE voordele van die elektroniese bemarkings-instrument in VRAAG 5.5.1. (2)

5.6 Beantwoord die volgende vrae oor advertensies.

5.6.1 Identifiseer DRIE bedreigings ('threats') in die advertensie wat die Mayfair-hotel kan ondervind. (3)

5.6.2 Noem DRIE geleenthede, buiten dié wat in die advertensie genoem is, waarmee die Mayfair-hotel inkomste kan genereer. (3)

5.7 Bespreek die rol van die instandhoudingsdepartement in die hotel. (2)

VRAAG 5

MEI/JUNIE 2018

5.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Martie is 'n Graad 12-Gasvryheidstudiesleerder wat lief is vir kosmaak. Sy woon op 'n kleinhoewe vyf kilometer buite die dorp. Op die kleinhoewe is daar appelkoos-, perske-, vye- en maroelavrugtebome. Hulle het 'n plaasstalletjie op 'n besige toeristeroete waar twee van die plaaslike inwoners hulle help om die vrugte te verkoop.

Die eerste vrugte was in November ryp en Martie het haar ervare ouma gevra om haar te help met die voorbereiding van die eerste kooksel appelkooskonfyt. Sy het die konfyt in hergesikleerde (herwinde) glasbottels gegooi.

Martie verkoop haar konfyt aan haar onderwysers by die skool en by die plaasstalletjie en Saterdagvlooimarkte. Sy het 'n plakkaat en etiket vir haar appelkooskonfyt ontwerp.

5.1.1 Identifiseer Martie se teikenmark. (2)

5.1.2 Kies VIER sterk punte van Martie se besigheid uit die uittreksel. (4)

5.1.3 Voorspel DRIE moontlike bedreigings wat Martie in haar besigheid kan ervaar. (3)

5.1.4 Evalueer die plakkaat hierbo. (5)

5.1.5 Identifiseer DRIE P's met voorbeelde in die uittreksel hierbo, buiten die verpakking. (6)

5.1.6 Bespreek die geskiktheid van die hergesikleerde (herwinde) glasbottels vir Martie se konfyt. (4)

5.1.7 Verduidelik hoe Martie se besigheid 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie sal maak. (3)

5.2 Bespreek die belangrikheid van die voorkantoorafdeling in 'n akkommodasie-instelling. (3)